# GRENDELTYD LES: Op reis saam met Moses 2

Hierdie les kan oor vier aande gedoen word.

## 1. Water uit die rots

**Speletjie**: Woordskommel – ontsyfer die woord deur die letters in die regte volgorde te sit. Gesels dan as gesin saam oor wat dit beteken.

ejsus  si son otsr

**Lees**: Eksodus 17:1-6 en Numeri 20:11-12

**Opsomming**: Weer het die volk terug verlang na Egipte, toe daar nie water was nie. Die Here het vir Moses gesê om met sy staf teen 'n rots te slaan, en daar het water uit gekom. Baie later in Numeri 20:11 is daar weer nie water nie. Hierdie keer gee God vir Moses die opdrag om met die rots te praat i.p.v. dit te slaan. Moses is so kwaad vir die volk en hulle gekla dat hy die rots slaan soos die vorige keer, i.p.v. met dit praat soos God hom beveel het.

God gee vir die Israeliete water uit die rots, maar omdat Moses ongehoorsaam aan God se opdrag was mag hy en Aaron nie in die beloofde land ingaan nie. God het dit wel vir hulle gewys.

**Vraag:** Hoekom het die Here dit aan Moses en Aaron gedoen?  Wat leer JY daaruit?

## 2. Die 10 gebooie:

**Speletjie: Follow the leader:** Kry 'n rooi, geel en groen stuk karton of lap.  Wanneer ons ry beteken die rooi stop, die geel wees versigtig, en die groen ry.

Speel 'follow the leader' die kinders gaan die bewegings doen wat jy doen.  Wanneer jy die rooi karton ophou moet die kinders stop en nie die beweging doen nie. Wanneer jy die geel ophou, moet die kinders die beweging stadiger doen, en wanneer jy die groen ophou mag hulle die beweging doen soos jy dit doen. Terwyl jy die bewegings doen moet die kinders dit agter jou aandoen, terwyl hulle die kleure dophou wat jy ophou, en die kleure 'gehoorsaam'.

**Lees:** Eksodus 20:5-17

**Vrae**:

1. Noem gou so drie reëls op wat ons in die huis het.
2. Hoekom het ons hierdie reëls in die huis?
3. Is dit lekker om by die reëls te hou?
4. Wat gebeur as julle nie by die reëls hou nie?

Reëls of wette is nie altyd lekker vir ons nie, maar is daar om ons veilig te hou. So is Die 10 Gebooie ook daar om ons veilig te hou.

**Die Tien Gebooie**

Presies drie maande nadat hulle uit Egipte weg is, het die Israeliete in die woestyn Sinai gekom. Hulle het langs 'n berg kamp opgeslaan.  Dit was toe op daardie berg wat God vir Moses geroep

het en vir hom reëls gegee het om vir God se volk te leer, daar was BAIE reëls gewees, maar ons gaan net na die 10 belangrikste kyk – Die 10 Gebooie.

Hier is ‘n klompie bewegings wat ons gaan help om die tien gebooie te onthou. Laat die gesin dit agter jou aandoen.

1. **Daar is net een God. Jy mag nie ander gode behalwe vir My hê nie**. (Hou een vinger op)

2. **Jy mag nie ‘n afgod of ‘n teken maak, voor dit kniel, en dit God noem nie**. (Hou net jou linker en regter wysvingers op. Buig nou die een vinger op en af soos iemand wat kniel voor ‘n afgod. Onthou ‘n afgod is iets wat vir ons belangriker is as God.)

3. **Jy mag My Naam, nie verkeerd of as ‘n vloekwoord gebruik nie**. (God is ‘n Drie Eenheid. God die Vader, Jesus en die Heilige Gees. Hou drie vingers op en wys na elke vinger soos jy die Drie Eenheid noem. Bring dit nou na jou mond toe en plaas dit voor jou mond***.)***

4. **Werk ses dae van elke week en rus op die rusdag**. (Hou vier vingers van een hand op. Maak asof die vier vingers nou ‘n kussing is en lê met jou kop op die vier vingers***.***)

5. **Eer jou pa en jou ma**. (Hou een hand se vyf vingers op. Plaas dit nou op jou voorkop dat dit soos ‘n kroon lyk.)

6. **Jy mag nie moord pleeg nie**. (Ses rym met mes. Hou vyf vingers op en dan die duim van die ander hand. Vou jou vyf vingers om die hand wat net die duim wys. Maak nou asof dit ‘n mes is en druk dit na jou bors toe***.***)
7. **Julle mag nie julle mans of vrouens sommer net so los as julle getroud is nie**. (Hou vyf vingers van een hand op en dan wysvinger en middelvinger van jou ander hand. Laat die wysvinger en middelvingers om mekaar vou. Hulle bly by mekaar.)

8. **Jy mag nie steel nie**. (Hou weer die een hand op en dan wysvinger, middelvinger en ringvingers van ander hand. Maak jou ander hand gryp daardie vingers om met dit weg te dra.)

9. **Jy mag nie jok nie**. (Maak asof jy iets agter jou rug wegsteek en skud jou kop. As ons iets verkeerds gedoen het, dan wil ons dit mos wegsteek en maak ons het niks gedoen nie.)

10. **Julle mag nie wens julle het iets wat iemand anders s’n is nie: soos iemand se huis, of sy kar of sy geld of speelgoed of enige iets van hom nie.** (Hou albei hand op en maak nou jy gryp na goed in die lug.)

## 3. Die Goue kalf

**Speletjie**: Kry ‘n klomp Rommel bymekaar en maak as gesin ‘n goue kalf daar uit (boksies, koerantpapier, botteltjies ens.)

**Lees**: Eksodus 32:1-6

**Video clip**: https://youtu.be/aX28nAB4S7A

**Vraag**: Wat leer julle uit die verhaal van die goue kalf?

**Toepassing**: Ons moet God alleen aanbid, want daar is geen ander God nie.

## 4. Die 12 spioene

**<u>Speletjie</u>**: Gaan as gesin saam buitetoe en soek elkeen iets wat julle aan die grootheid van God laat dink.

**<u>Lees</u>**: Numeri 13:1-3 en 26-28

**Video clip**: https://youtu.be/XzkOqj-RWAc

**<u>Vraag</u>**: Wat leer julle uit die verhaal van die 12 spioene?

**Toepassing**: God beplan goeie dinge vir ons, nie slegtes nie, maar ons moet dit raaksien, want partykeer lyk dit anders as wat ons dit wil hê. Onthou dan dat God beter as ons weet, want HY weet wat in die toekoms gaan gebeur, daarom weet Hy wat goed is vir ons.